## Skriflesing : Johannes 1:29-42
## Tema : Wat wil julle hê? En waarom?

## Broodjies vir die Pad

**"Would you stop thinking about what everyone wants.**
**Stop thinking about what I want,**
**what he wants, what your parents want.**
**What do you want?"**
— *Nicholas Sparks*, The Notebook

**"Jesus Christ lived in the midst of his enemies. At the end all his disciples deserted him. On the Cross he was utterly alone, surrounded by evildoers and mockers. For this cause he had come, to bring peace to the enemies of God. So the Christian, too, belongs not in the seclusion of a cloistered life but in the thick of foes. There is his commission, his work.**
**'The kingdom is to be in the midst of your enemies. And he who will not suffer this does not want to be of the Kingdom of Christ; he wants to be among friends, to sit among roses and lilies, not with the bad people but the devout people. O you blasphemers and betrayers of Christ! If Christ had done what you are doing who would ever have been spared' (Luther)."**
**―** *Dietrich Bonhoeffer*, Life Together: The Classic Exploration of Christian Community

**"Then why do you want to know?"**
**"Because learning does not consist only of knowing what we must or we can do, but also of knowing what we could do and perhaps should not do.**"
— *Umberto Eco,* The Name of the Rose

**"I have faith that God will show you the answer. But you have to understand that sometimes it takes a while to be able to recognize what God wants you to do. That's how it often is. God's voice is usually nothing more than a whisper, and you have to listen very carefully to hear it. But other times, in those rarest of moments, the answer is obvious and rings as loud as a church bell."**
**―** *Nicholas Sparks,* The Last Song

*Skerp*
*Von Villon*

*op vae gesigte skerp 'n glimlag*
*heug die dowwe flentergedagte*
*van toe ek nóg alles*
*nóg vir jou helder was*

*deur rooikaree ruis die wind aan flarde*
*rafelende eggo van 'n fluisterstem*
*ek is lief vir jou*
*jou hand vol woorde stil gestrooi*

*die geur van somerreën dreun sterker*
*verbloem my verlange met die drup*
*trane oor my blos*
*gesluk in hemelwater*

*poele rimpel my beeld skimmig*
*herhaal my oor die gronds*
*op elke kaatsing effe vaag*
*skerp 'n glimlag*

**"As you cannot do what you want,**
**Want what you can do."**
*-Leonardo Da Vinci*

"**Strong convictions do not neccerasily signal a powerful sense of self; very often quite the opposite. Intensely held beliefs may be no more than a person's unconscious effort to build a sense of self to fill what, underneath, is experienced as a vacuum."**
— *Gabor Maté,* W.hen the Body Says No: The Cost of Hidden Stres

**You musn't wish for another life. You musn't wish to be somebody else. What you must do is this;**
**Rejoice evermore. Pray without ceasing.**
**In everything give thanks."**
**I am not all the way capable of so much, but those are the right instructions.'**
— *Wendell Berry, Hannah Coulter*

**"It happens to everyone as they grow up. You find out who you are and what you want, and then you realize that people you've known forever don't see things the way you do. So you keep the wonderful."**
**memories, but .find yoursef moving on**
**―** *Nicholas Sparks*

\

**"Don't aim at success. The more you aim at it and make it a target, the more you are going to miss it. For success, like happiness, cannot be pursued; it must ensue, and it only does so as the unintended side effect of one's personal dedication to a cause greater than oneself or as the by-product of one's surrender to a person other than oneself. Happiness must happen, and the same holds for success: you have to let it happen by not caring about it. I want you to listen to what your conscience commands you to do and go on to carry it out to the best of your knowledge. Then you will live to see that in the long-run—in the long-run, I say!—success will follow you precisely because you had forgotten to think about it"**
— *Viktor E. Frankl*, Man's Search for Meaning

**''The difference between passion and addiction is that a flame between a divine spark and that incinerates."**
— *Gabor Maté*, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

●●●

### DANA SNYMAN:
### SKIELIK BEGIN EK ANDERS KYK NA KAMPEER
*Netwerk24*

Dit is nie dat ek iets teen kampeer het nie. Ek hou net nie daarvan nie. Dit is asof daar nooit volkome kalmte op 'n kampeerterrein is

nie. Jy sal 03:10 in die oggend wakker word en binne minute sal jy iewers ’n ritssluiter hoor oopzirts. Of buite jou tent se dun wande sal iemand met ’n flits verby geskud kom.

En dan is daar die gesnorkery. En die vrou in die Terra Firma-tent wat in haar slaap praat. En die ou in die ouerige Sprite se kragopwekker se gedreun.

Om te kampeer is soos om in ’n kommune te woon – ’n reisende kommune vol mense wat sukkel om tot rus te kom. Nat handdoeke oor tenttoue. Nog ’n kind wat gedreig word met ’n pak slae. En gedurig een wat vra: “Waar kan ’n mens ys kry?”

Hou maar daardie ou in die Sprite – ’n verbleikte groen SA Parkeraad-plakker op die agterruit – dop. Hy het Vrydagmiddag laterig hier ingesleep en dadelik met iemand begin twis oor ’n kraan wat nie werk nie of iets dergeliks. Eers ná donker is die Sprite waterpas, die voortent opgeslaan en die vuur aangesteek. Uiteindelik kan hy wegsak in sy Big Boy met sy glas. Totdat sy vrou kom sê iets is fout met die DStv-skottel. En het hy gesien hoeveel muskiete is hier? Só gaan dit heeltyd. Teen Saterdagmiddag vind hy darem tydelik rus, ná sy derde glas, wat beteken hy wil musiek luister. Bokkie-Bokkie-treffers, pappa. Lekker hard.

Daar is ook ’n nuwe geslag kampeerders, ja. Die manne met die 4x4-woonwaens wat duurder as ’n vierslaapkamerhuis op Senekal kos. Hul toerusting bring kampeer tot op die vlak van ’n R480-per-nag-kamer op Beaufort-Wes, maar dis asof daar steeds ’n onrustigheid in baie van daardie laers is. Die gesprekke oor nog beter woonwaens, nog beter dit of dat, en die goedige gespot met die Land Rover-eienaar tussen die klomp.

En waar is die dae van die goeie ou hoflike Christelik-Nasionale handflits? Loop jy een van hierdie moderne trekkers op ’n donker kampplek raak, voel dit of jy deur ’n KGB-agent ondervra word, met daardie Petzl-kopflits wat in jou oë skyn.

Dan is daar natuurlik die ablusieblok. Miskien is dit die ablusieblok wat my van kampeer vervreem het. Dit was traumaties om op ’n baie jong ouderdom – ek dink ek was agt jaar oud – blootgestel te word aan ’n harige oom van Klerksdorp wat kaal in ’n ablusieblok in die Krugerwildtuin staan en vertel het van die trop leeus wat hulle naby Pretoriuskop gesien het. Om hom het die Shield-walms swaar gehang.

En ’n kampeerterrein is ’n plek van ongeleeste boeke. Jy is skaars op bl. 5 van daardie John Steinbeck, dan is daar ’n oom wat oor jou bakkie se petrolverbruik kom uitvra. En oral is mense wat in groepies sit en komplotte smee teen muskiete en Eskom.

Ek dink ek sal my houding oor kampeer dalk moet begin verander. Dit gaan nie goed in die land nie. Ek het reeds begin navraag doen oor ’n kragopwekker.

## BETER VOOR ’94

**DINK EERLIK NA**
**GERT VAN DER WESTHUIZEN**

Die ANC het die kat in die duiwehok losgelaat met sy stelling dat hy die siening verwerp dat die lewe beter was onder apartheid.

As ’n mens sinies wil wees, sal jy seker kan sê die ANC het dit gedoen om die aandag te probeer aflei van sy swak regering.Maar die lewe gaan oor meer as net persoonlike gerief.

Maar te oordeel na die reaksie het die ANC tog ’n sensitiewe saak aangeraak en daar moet tereg gevra word of die lewe onder apartheid beter was.
Daar word al sedert die era van demokrasie in 1994 begin het daaroor debat gevoer en dit is ’n onderwerp wat nog nooit verdwyn het nie – inteendeel, dit is asof dit die laaste ruk toeneem.
Baie brom dat die lewe onder apartheid beter was omdat die ligte darem kon skyn en die paaie nie so vol slaggate was nie. Dit klink amper soos die stelling in Italië dat die lewe onder die fascistiese diktator Benito Mussolini se bewind beter was omdat die treine darem betyds was.
As jy die vraag oor of die lewe tydens apartheid beter was regtig eerlik wil beantwoord, sal jy eerstens moet vra vir wie was die lewe onder apartheid beter. Was dit regtig beter vir mense wie se waardigheid elke dag geminag is? Was dit beter vir mense wat nie toegang tot elektrisiteit, lopende water en huisvesting gehad het nie? Was dit beter vir mense wat gereeld met die geweld te doen gekry het van ’n stelsel wat dikwels op geen ander manier afgedwing kon word nie? In die laaste twee dekades van apartheid het die teenstanders daarvan in ’n polisiestaat geleef en van hulle is gruwelik vermoor.
Nee, vir hulle was die lewe onder apartheid nie beter nie.
Was die lewe onder apartheid dan beter vir die mense wat daardeur bevoordeel is?
Hulle het elektrisiteit en huise en behoorlike strate gehad om op te ry, ja. Daar was nie so baie misdaad soos deesdae nie. Al opoffering wat hulle moes maak, was dat van hulle diensplig moes doen. Apartheid was tog mos nie so erg nie?
Maar die lewe gaan oor meer as net persoonlike gerief.
Hulle kon ook nie doen wat hulle wou nie. Hulle kon byvoorbeeld nie lees wat hulle wou nie, hulle kon nie kyk wat hulle wou nie en hul land is as ’n muishond in die res van die wêreld beskou.

Hulle moes saamleef met die wete dat dit beslis nie reg is om teen ander te diskrimineer nie. Baie van hulle het met die vrees gelewe dat daar eendag verskriklike vergelding sal wees vir wat hulle doen in wat basies besig was om in ’n lae-intensiteit-burgeroorlog te ontwikkel.
Die gebeure van destyds het in ’n groot mate die grondslag gelê vir die onverdraagsame, korrupte en gewelddadige samelewing waarmee ons te doen het.

En toe word Nelson Mandela die eerste president van die nuwe Suid-Afrika met versoening eerder as vergelding as prioriteit.

Baie van diegene wat apartheid voorgestaan het, het daarom gevoel dat hulle nie hul mede-landgenote om verskoning hoef te vra vir apartheid nie. Apartheid was tog mos nie so erg nie?
Baie van hulle het steeds nie daarvoor om verskoning gevra nie en sal ook nooit nie. Hulle dink regtig, met ’n goeie skeut ongesonde nostalgie, dat die lewe onder apartheid wel beter was. Hulle dink apartheid was reg omdat die ANC swak regeer – so asof een verkeerde ding ’n ander verkeerde ding kan regmaak.

Daar wag baie werk op die ANC om weer die vertroue van die mense van die land te wen, maar oor een ding was hulle die naweek in Bloemfontein reg.

Die lewe onder apartheid wás nie beter nie.

** Van der Westhuizen is Netwerk24 se politieke redakteur.*

**wynandgnel@outlook.com 082 901 5877**